



# Omsendskrywe

31 Julie 2026

No. 2 van 2026

011 769 1670

Andries Pretorius str.
Witpoortjie
1724

laerskooldrhavinga.co.za



# Sport

Massa-landloop het plaasgevind aan die einde van Kwartaal 2, al die langasems is geïdentifiseer en hierdie leerders is hard aan die oefen vir hul wedlope wat voorlê.

Ons skool is baie trots op die volgende leerders wat individueel op hokkie-vlak presteer het: Rianka Smith, Kayleigh Page, Hestie Strydom en Aobakwe Morweng is verkies tot die o/11 D12-span. Amorè Greef, is tot die o/12 D12-span verkies en Thoriso Rammutle, Kaylee Reedijk, Karlien Viljoen en Wian Greef is tot die o/13 D12-spanne verkies. Kaylee Reedijk is tot die o/13 Suid-Gauteng span verkies, al hierdie leerders het tydens die Julie vakansie hul onderskeie spanne en ons skool, baie trots gemaak!



Op 8 Julie het ons hokkie afrigters en 4 spanne vertrek na Camp Discovery. Die spanne het Spur-aande gehou en borge versamel om hierdie geleentheid moontlik te maak. Die toer was tot en met 12 Julie, die spanne het hard geoefen, baie wedstryde gespeel en baie tyd gehad vir pret en plesier. Die leerders het gedaan teruggekeer met baie vaardighede en harte vol herinneringe.




27 Julie het die o/13 dogters en Senior seunsspan, hul “Capping” seremonie gehad, Die spelers het hul wedstrydklere, baadjies en sakke ontvang. Baie geluk aan hierdie leerders wat verkies is tot die eerstespanne. Baie sterkte vir die opkomende seisoen.

Die rugby seisoen is verby, maar daar is hierdie week proewe gehou vir Sentraal-Wes, ons hou styf duim vas vir die seuns om die Havie-naam hoog te hou!. Ons is baie trots op Logan Lubbe en Nkazi Malinga wat verkies is tot die Sentraal-Wes 7’s span! Logan het ook deurgedring na die finale rondte van die Goue Leeus 7’s span!

Op die krieketveld is daar hard geoefen tydens die vakansie en die wedstryde vind eersdaags plaas. Daar is ook verskeie seuns wat deelneem aan die JHB-Wes proewe, ons weet sommer dat hulle die skool se naam hoog sal hou! Die dogters het reeds hul proewe afgehandel en ons is baie trots op die volgende dogters is opgeneem in die D12 span: Abia de Klerk, Marchalee Steyn, Makayla Lategan, Jordan-Lee Africa, Annebelle Tromp. Ons is trots op julle!

# Kultuur

Kwartaal 3 is oudergewoonte 'n propvol kultuur kwartaal en hierdie jaar het dit op 'n hoogtepunt afgeskop.

Ons Havie Koor het op 28 en 29 Julie by verskeie feeste opgetree, hulle het die gehoor betower met die volgende liedjies: Who You say I am, Weduwee se kruik, Dreams en Siyahamba. Onder begeleiding van Mnr JW Potgieter het hierdie groep vir vele hoendervleis oomblikke gesorg!



Havie toneel is nog 'n bron van trots vir ons skool, die toneelgroep het tydens die vakansie ure lank geoefen en hard gewerk ter voorbereiding van hul eerste optrede. Dit het plaasgevind in ons skoolsaal op 22 Julie. Die volgende dag het die leerders die bus gepak en gaan deelneem aan die ATKV Tjokkertoneel kompetisie. Die produksie As Die Ink Opdroog, het 10 goud, 12 silwer en 3 brons sertifikate verower. Hierdie produksie het dan ook op 29 Julie deelgeneem aan die Pronk Pret kompetisie, daar het hulle 9 brons en 7 silwer sertifikate verdien. Daar lê nog een kompetisie vir hierdie groep voor en daarna wag hulle vir die uitslae om te hoor of hulle deurdring na die semi-finale rondte





Die Kompas Kunstefees is hierdie jaar uitvoerend, dit het afgeskop op 27 Julie en duur tot 13 Augustus, groot en klein, oud en jonk gaan deelneem gedigte word voorgedra in Afrikaans en Engels, ons Koor gaan ook deelneem en ons is baie opgewonde om te sien hoeveel diploma sertifikate die Havies gaan inkatrol!

# Akademie



Laerskool Dr Havinga
Assesseringsplan - Graad 1
Kwartaal 3 - Augustus 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 17<br>Afrikaans: Luister en praat | 18<br>Afrikaans: Luister en praat<br>Afrikaans: Handskrif | 19<br>Afrikaans: Luister en praat | 20<br>Engels: Listening and speaking | 21<br>Uitvoerende kuns: Formele assessering<br>Engels: Listening and speaking |
| 24<br>Wiskunde: Datahantering | 25<br>Wiskunde: Meting<br>Lewensvaardighede | 26<br>Wiskunde: Ruimte en vorm<br>Lewensvaardighede | 27<br>Engels: Reading and writing | 28<br>Engels: Reading and writing<br>Kuns: Kreatiewe kuns |
| | | | | |

Laerskool Dr Havinga
Assesseringsplan - Graad 2
Kwartaal 3 - 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|
| 10 Augustus<br>VROUEDAG | 11 Augustus<br>Wisk: Data (Grafiek)<br>English: Comprehension | 12 Augustus<br>Afrikaans: Luister en praat (deurlopend) | 13 Augustus<br>Wisk: Getalle, bewerkings en verhoudings.<br>English: Listening | 4 Augustus<br>Afrikaans: Voorbereide lees<br>Lewensvaardighede: Kuns |
| 17 Augustus | 18 Augustus<br>Wisk: Getalle, bewerkings en verhoudings.<br>Afrikaans: Begripslees | 19 Augustus<br>Afrikaans: Skryf 1<br>Wisk: Ruimte en vorm | 20 Augustus<br>Wisk: Getalle, bewerkings en verhoudings.<br>Afrikaans: Handskrif<br>English: Speaking | 21 Augustus<br>Lewensvaardighede: Kuns<br>English: Reading |
| 24 Augustus<br>Wisk: Meting<br>Afrikaans: Skryf 2<br>English: Writing | 25 Augustus<br>Wisk: Getalle, bewerkings en verhoudings<br>Afrikaans: Woordbou<br>English: Writing | 26 Augustus<br>Wisk: Patrone, funksies en algebra | 27 Augustus<br>Lewensvaardighede: Aanvangskennis | 28 Augustus<br>Afrikaans: Spelling<br>English: Phonics<br>Lewensvaardighede: Kuns |
| 31 Augustus<br>Lewensvaardighede: Uitvoerende Kuns | September | 2 September | 3 September | 4 September<br>Lewensvaardighede: Kuns |

Laerskool Dr Havinga
Assesseringsplan - Kwartaal 3
Augustus 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|
| | | | | 7 Augustus<br>Afrikaans<br>Mondeling (Onvoorbereid) |
| 10 Augustus<br>SKOOL VAKANSIEDAG | 11. Augustus<br>Afrikaans<br>Voorbereide lees uit klasleesboek | 12. Augustus<br>Afrikaans<br>Dialoog : Saam jou maat. Fabel met begin, middel en einde. | 13. Augustus<br>Afrikaans<br>Dialoog : Saam jou maat. Fabel met begin, middel en einde. | 14. Augustus<br>Afrikaans<br>Voorbereide lees uit klasleesboek<br>LV - Kuns |
| 17. Augustus<br>English<br>Listening and speaking | 18. Augustus<br>English<br>Prepared reading<br>Wiskunde<br>Patrone, funksies en Algebra | 19 Augustus<br>English<br>Comprehension test<br>Wiskunde<br>Getalle, bewerkings en Verwantskappe | 20 Augustus<br>Wiskunde<br>Getalle, bewerkings en Verwantskappe | 21 Augustus<br>English<br>Language and Phonics<br>LV - Kuns<br>Wiskunde<br>Meting |
| 24 Augustus<br>Afrikaans<br>Luistertoets<br>Wiskunde<br>Ruimte en vorm | 25 Augustus<br>Afrikaans<br>Skryfwerk<br>English<br>Writing | 26 Augustus<br>Afrikaans<br>Begripstoets<br>Wiskunde<br>Datahantering | 27 Augustus<br>Afrikaans<br>Taal | 28 Augustus<br>English<br>Writing<br>LV - Kuns |
| 31 Augustus<br>Afrikaans<br>Handskrif | 1 September<br>Afrikaans<br>Klanke | 2 September<br>Lewensvaardighede | 3 September<br>Uitvoerende kuns | 4 Spetember<br>LV - Kuns |

- Visuele Kuns word deurlopend op Vrydae assesseer
- LO word deurlopend op klasse se LO-dae assesseer

# Uit die Hoof se pen

**Geagte Ouers, Voogde, Leerders en Personeel**

Welkom terug vir Kwartaal 3. Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om elke leerder, ouer en personeellid alle sterkte en seën toe te wens vir die kwartaal wat voorlê. Mag dit 'n kwartaal wees waarin ons met ywer, deursettingsvermoë en trots saamwerk om die beste uit elke geleentheid te haal.

Ons is besonder trots op die uitstekende prestasies wat ons leerders reeds vanjaar behaal het. By die Kompas Kunsfees het ons reeds puik uitslae behaal wat getuig van harde werk, talent en toewyding. Baie geluk aan al ons deelnemers en die personeel wat hulle voorberei het.

Ons koor bly 'n ware trots van Laerskool Dr. Havinga. Julle optredes getuig nie net van musikale talent nie, maar ook van dissipline en spanwerk. Baie dankie aan ons koorlede en afrigters wat soveel ure insit om hierdie hoë standaard te handhaaf.

Kwartaal 3 beteken ook die begin van 'n opwindende sportseisoen. Ons wens al ons hokkie-, krieket- en landloopleerders en hul afrigters alles van die beste toe. Onthou dat ware sportmanskap, respek en deursettingsvermoë net so belangrik is as die eindtelling.

Die **aanlyn aansoeke vir Graad 1 en Graad 8 vir 2027 open op 5 Augustus en sluit op 4 September 2026.** Ons versoek alle ouers wat kinders het wat volgende jaar in Graad 1 of Graad 8 inskryf, om hul aansoeke so vroeg as moontlik in te dien en nie tot die laaste dae te wag nie. Aansoeke vir ons **Graad RRR tot Graad R** is ook reeds oop vir 2027. Help ons asseblief om hierdie inligting met familie, vriende en die gemeenskap te deel.

Ons Graad 7-leerders berei tans voor vir hul jaarlikse **Entrepreneursdag** dit vind op **28 Augustus** plaas, sit gerus vir u kind 'n geldjie eenkant om ons Gr.7-leerders te ondersteun. Hierdie projek bied 'n uitstekende geleentheid om entrepreneurskap, verantwoordelikheid en kreatiwiteit prakties te ontwikkel. Ons wens elke deelnemer baie sterkte toe en vertrou dat dit weer 'n groot sukses sal wees.

Merk gerus **11 September 2026** op u kalender vir ons **Gholfdag 2026**. Hierdie dag is een van ons belangrike fondsinsamelings geleenthede en ons sien daarna uit om saam met ons ouers, oud-leerders, borge en vriende van die skool 'n besondere dag te beleef. Verdere besonderhede sal binnekort volg.

Akademiese sukses bly steeds ons hoogste prioriteit. Ons moedig alle ouers aan om betrokke te wees by hul kinders se skoolwerk deur hulle met huiswerk en take te ondersteun, maar veral om hulle te help om deeglik vir die komende toetse voor te berei. Die ondersteuning wat kinders tuis ontvang, speel 'n onskatbare rol in hul selfvertroue en akademiese prestasie.

Ten slotte wil ons ouers daarop wys dat alle agterstallige skoolgeldrekeninge wat nie volgens die ooreengekome betalingsreëlings vereffen is nie, nou aan ons prokureurs oorhandig is vir verdere hantering. Ons waardeer die ouers wat hul finansiële verpligtinge stiptelik nakom, aangesien hierdie inkomste noodsaaklik is om die hoë gehalte onderwys, instandhouding en geleenthede wat ons aan ons leerders bied, te kan volhou.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning, samewerking en vertroue in Laerskool Dr. Havinga. Saam bou ons aan 'n skool waarop ons almal trots kan wees.

**"Met trots bou ons vandag aan môre se leiers."**

Vriendelike groete

**Hugo van As**
**Skoolhoof**
**Laerskool Dr. Havinga**



# Maandprogram

## Augustus 2026

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1<br>• Hokkie Sportdag<br>• Tweedehandse verkoping – saal<br>• JHB-Wes Krieketproewe |
| 2 | 3<br>• Landloop oefen<br>• Hokkie oefen<br>• Mini-Krieket oefen<br>• Mini-Hokkie oefen<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga - o/11B-Tuis, 2de span-Weg<br>• Kompas Kunstefees | 4<br>• Volgvoete<br>• Landloop oefen<br>• Hokkie oefen<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga - o/11A-Tuis<br>• Kompas Kunstefees | 5<br>• Mini-Krieket oefen<br>• Mini-Hokkie oefen<br>• Skaak oefen<br>• Jnr Dogterskrieket Liga - Weg<br>• Krieket Liga - o/9-Tuis<br>• Stokperdjieklub<br>• Kompas Kunstefees | 6<br>• Landloop oefen<br>• Hokkie oefen<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga – 1ste span-Tuis<br>• Toneel – Allegretto<br>• RACA Redenaars<br>• Kompas Kunstefees | 7<br>• Skaak oefen<br>• Landloop – Liga-Weg<br>• Sr Dogterskrieket – Liga Weg<br>• RACA Redenaars<br>• Kompas Kunstefees | 8 |
| 9<br>**VROUEDAG** | 10<br>**PUBLIEKE VAKANSIEDAG** | 11<br>• Volgvoete<br>• Landloop oefen<br>• Hokkieseuns – Liga-Tuis<br>• Mini-Krieket oefen<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga - o/11<br>• RACA Redenaars<br>• Kompas Kunstefees | 12<br>• Mini-Krieket oefen<br>• Mini-Hokkie oefen<br>• Skaak oefen<br>• Jnr Dogterskrieket Liga - Weg<br>• Krieket Liga - o/9-Tuis<br>• RACA Redenaars<br>• Stokperdjieklub<br>• Kompas Kunstefees | 13<br>• **TOETS – Eng Gr.7**<br>• Hokkiedogters – Liga-Tuis<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga – 1ste span-Tuis<br>• Kompas Kunstefees | 14<br>• Skaak oefen<br>• Landloop – Liga-Weg<br>• Hokkie oefen | 15<br>• Mini Sportdag – Weg<br>• Skaak D12 – Weg |
| 16 | 17<br>• Landloop oefen<br>• Hokkie oefen<br>• Mini-Krieket oefen<br>• Mini-Hokkie oefen<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga - o/11B-Tuis, 2de span-Weg | 18<br>• Volgvoete<br>• Landloop oefen<br>• Hokkieseuns – Liga-Weg<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga - o/11A - Weg | 19<br>• Mini-Krieket & Mini-Hokkie wedstryde - Weg<br>• Skaak oefen<br>• Krieket Liga - o/9-Weg<br>• Stokperdjieklub | 20<br>• **TOETS – AFR Gr.7**<br>• Juf Elana verjaar<br>• Landloop oefen<br>• Hokkiedogters – Liga-Tuis<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga – 1ste span-Weg<br>Kompas Kunstefees | 21<br>• Juf Junique verjaar<br>• Veldvriende – Gr. 3, 4, 6 & 7<br>• Landloop – D12-Weg<br>• Jnr Dogterskrieket Liga - Weg<br>• Sr Dogterskrieket – Liga Tuis<br>• Hokkie oefen | 22<br>• Veldvriende - Familie saamstap dag – Gr. 5 |
| 23 | 24<br>• Landloop oefen<br>• Hokkie oefen<br>• Mini-Krieket oefen<br>• Mini-Hokkie oefen<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga - o/11B-Tuis, 2de span-Weg | 25<br>• Volgvoete<br>• Landloop oefen<br>• Hokkieseuns – Liga-Tuis<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Mini-Krieket oefen<br>• Krieket Liga - o/11A - Weg | 26<br>• Mini-Krieket wedstryde<br>• Skaak oefen<br>• Jnr Dogterskrieket Liga - Tuis<br>• Krieket Liga - o/9-Weg<br>• Stokperdjieklub | 27<br>• **TOETS – SW GEO Gr. 4, 6 & 7**<br>• Landloop oefen<br>• Hokkiedogters – Liga-Weg<br>• Dogterskrieket wedstryde<br>• Krieket Liga – 1ste span-Weg | 28<br>• VLAGHYSING<br>• GR. 7 MARKDAG<br>• Skaak oefen<br>• Sr Dogterskrieket – Liga Tuis | 29<br>• Mini Sportdag - Tuis |
| 30<br>• Andries verjaar | 31<br>• Landloop oefen<br>• Hokkie oefen<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga - o/11B-Tuis, 2de span-Weg | | | | | |

## Dagboek die datums!

- **1 Augustus – Senior Hokkie Sportdag**
- **9 Augustus – Vrouedag**
- **10 Augustus – Vakansiedag**
- **28 Augustus – Gr.7 Entrepreneursdag**
- **29 Augustus – Mini-Sportdag**
- **1 September – Lentedag**
- **11 September – Gholfdag**

# Bemarking




Om in ons **maandelikse** Kersopsteek te adverteer, kontak Juf Monique: monique@drhavinga.co.za

# Algemeen



Hierdie jaar is sokker wêreldwyd gevier en gekyk, by die Havies was dit in oormaat gevier! Op 24 Junie het ons 'Play-Soccer' dag gehou. Die velde was gepak! Elke klas het 'n plekkie gehad en die leerders het heerlik piekniek gehou terwyl hulle wêreldklas sokker geniet het, sommer by ons eie skool! Die twee spanne wat mekaar uitgedaag het was die Havie United (onderwysers) teen die Old Dogs United (Diens werkers). Dit was ook lekker om Oud-Hoof, Mnr Leon Visser en sy vrou by die wedstryd te verwelkom.

Dit was 'n taai wedstryd en die Old Dogs United het as kampioene uit die stryd getree. Daar was deur die klasse dansies gedoen, liedjies gesing en die verskeie lande is deur die klasse verteenwoordig. Ons bedank Juf Junique vir haar ongelooflike inisiatief en dryf agter 'n onvergeetlike dag!! Ongelukkig is dit nie 'n geleentheid wat te gereeld kan plaasvind nie, die spelers se spiere, pyne en skete, herstel steeds!







Die Havies beloon goeie werk, pligsgetrouheid en diensbaarheid. Daarom is dit vir ons 'n voorreg om 'n nuwe leier by ons leiergroep te voeg. Baie geluk Kimberleigh Venter. Die Havies is trots op jou!

Skoolgeld vir 2026 is as volg:
Graad R-RRR : Halfdag (7h00-13h00) R 1930 per maand x12 = R 21230 per jaar
Voldag (7h00-18h00) R 2850 per maand x12 = R 31350 per jaar
Graad 1 – 7: R 2249 per maand x11 = R 24739 per jaar
Maak asseblief seker dat u elke maand u skoolgeld betaal. Indien daar 'n probleem is moet u dadelik die finansiële kantoor kontak. Maak seker dat u kontak besonderhede altyd korrek is.Baie dankie aan al die ouers wat wat gereeld skoolgeld betaal of 'n wettige reëling kom tref het.
Indien 'n ouer of besigheid 'n skoolkind se skoolgeld wil borg vir 'n jaar, kwartaal of net vir 'n maand, kontak gerus ons skoolgeldkantoor en gesels met me Ansie van Dyk.
**BETAAL U SKOOLGELD, DIT IS DIE REGTE DING OM TE DOEN**

# Akademie

## AUGUSTUS ASSESSERING – GR.4-7

| VAK | | 03/8-07/8<br>WEEK 3 | 11/8-14/8<br>WEEK 4 | 17/8-21/8<br>WEEK 5 | 24/8-28/8<br>WEEK 6 | 31/8-04/9<br>WEEK 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| AFR HL | Gr. 4 | Projek navorsing | Projek Skryfwerk | Projek mondeling | | |
| | Gr. 5 | | | | Projek (skryfwerk en mondeling) | |
| | Gr. 6 | | | Projek (skryfwerk en mondeling) | | |
| | Gr. 7 | Kortverhale toets 7/8 | Gedigte Klastoets 14/8 | **Toets 20/8 Afrikaans Prosa** | | |
| ENG FAL | Gr. 4 | | Project (fairy tale and research) | Project (writing) | Project (oral) | |
| | Gr. 5 | | Project Writing Mind map | Project Writing Film review | Project oral | |
| | Gr. 6 | Project Book research | Project: Book review | | Project oral | |
| | Gr. 7 | | **Test 13/8 English Literature** | | | |
| WISK | Gr. 4 | | | Projek Breuke | | |
| | Gr. 5 | | | Projek (Breuke, 2D en 3D vorms) | | |
| | Gr. 6 | | | | | Projek |
| | Gr. 7 | Konstruksie projek 5/8 | | | | |
| NW | Gr. 4 | | | | Prakties Musiek-instrument | |
| | Gr. 5 | | | Prakties Rekkies en vere | | |
| | Gr. 6 | | | | Taak stroombaan (Voltooi by huis) | |
| | Gr. 7 | | | | Prakties: Hitte oordrag | |
| SW: GEO | Gr. 4 | | | | TOETS 27/8 | |
| | Gr. 5 | | Projek: Die weer | | | |
| | Gr. 6 | | | | TOETS 27/8 | |
| | Gr. 7 | | | | **TOETS 27/8** | |
| SW: GESK | Gr. 4 | | | | | |
| | Gr. 5 | | | | | |
| | Gr. 6 | | | | | |
| | Gr. 7 | | | | | |
| TEG | Gr. 7 | | PAT: Stroombane | PAT: Hyskraan | | |
| EBW | Gr. 7 | | | | Markdag 28/8 | |
| PSW / LEWENS | Gr. 4 | | | | Godsdiens Taak inhandig | |
| | Gr. 5 | | | | Godsdiens taak inhandig | |
| | Gr. 6 | Taak: Publieke vakansie-dae | | | Taak Inhandig | |
| | Gr. 7 | | | | Taak inhandig 28/8 | |
| KUNS | Gr. 4 | | | | Drama Opvoering | |
| | Gr. 5 | Koraal gedigte | | | | |
| | Gr. 6 | | | | | |
| | Gr. 7 | | | | Drama – opvoering (Rituele) | |